DANKBETUIGINGS

1. Met nederige erkentlikheid teenoor die Groot Meester vir die wonderlike gawes van liefde en diensbaarheid wat sondige mense van Hom ontvang.

2. Aan my studieleier, mev. C. van Wyk, vir haar leiding, hulp en aanmoediging.

3. Aan die kinders van Huis Outeniekwa, Veiligheidsplek wat my navorsing moontlik gemaak het.

4. Aan mev. R. Gordon vir die netjiese tikwerk en haar oneindige geduld.

5. Aan Reon en Jan-Louis – vir die baie wat julle moes ontbeer en jul liefde en ondersteuning.

OPSOMMING

DIE BENUTTING VAN GESTALTGROEPWERK MET VERHOORAFWAGTENDE JEUGDIGES IN AANHOUDING

In hierdie studie is Gestalttegnieke binne ‘n groepwerkprogram benut as intervensie, om die verhoorafwagtende jeugdige in aanhouding weer in kontak te bring met homself en om sy bewustheidskontinuum te vergroot. Die doel van die navorsing was om te bepaal of die Gestaltgroepwerkprogram ‘n invloed sal hê op die selfbeeld en algemene tevredenheid van die verhoorafwagtende adolessent.

Om bogenoemde te bereik het die navorser toegepaste navorsing onderneem en het van sowel waarneming as gestandaardiseerde meetinstrumente gebruik gemaak. Die teoretiese onderbou van die behandelingsprogram wat gebruik is spruit uit die Gestaltterapie en kan met groot sukses geïmplementeer word in residensiële inrigtings soos bewaarsorgsentrums vir kinders.

SUMMARY

The utilisation of gestaltgroupwork with awaiting-trial youths in detention

In this study Gestalttechniques within a group work-program as intervention was used to bring awaiting-trail youth in detention in contact with themselves and to broaden their awareness. The goal of the research is to determine if the Gestalt groupworkprogram have a influence on the self-image and general satisfaction of the awaiting-trail adolescent.

To reach the above goal the researcher used applied research. Standardised measure-instruments as well as observation was used. Gestaltgroupwork can be implemented with great success in residential institutions like secure care facilities for children.